Olive Schreiner

Dink ’n bietjie daaraan – daar was ’n tyd toe jou ma en ouma en al die vroue in jou familie nie in Suid-Afrika in ’n verkiesing mag gestem het nie! Dink jy hulle was tevrede daarmee? In hierdie tyd was baie mense ook nie gewoond daaraan dat vroue boeke geskryf het nie. Dit was die tyd waarin **Olive Schreiner** geleef het. Olive was egter nie tevrede hiermee nie en het besluit om daadwerklik op te tree om dinge te verander.

Olive se kinderjare

Olive Emilie Albertina Schreiner (noemnaam Olive) is op 24 Maart 1855 op die sendingstasie Wittebergen by Herschel in die Kaapprovinsie gebore.

Haar pa, Gottlob Schreiner, was ’n Duitse sendeling. Hy het in Londen met ’n Engelse meisie, Rebecca Lyndall, getrou, net voor hy na Suid-Afrika moes vertrek om hier as sendeling te kom werk.

Olive was een van 12 kinders, en sy was die negende kind van die twaalf. Vyf van haar broers en susters is as kinders oorlede. Sy self was ook nie altyd heeltemal gesond nie en het van jongs af asma gehad. Haar een broer – W.P. (Will) Schreiner het in 1898 eerste minister van die Kaapkolonie geword. [1]

W.P. Schreiner

Nadat haar pa as sendeling afgetree het, het sy by van haar ouer broers en susters, asook by ander familielede gebly. Sy het dus dikwels verhuis en op baie verskillende plekke gebly. Sy het vir die meeste van haar kinder- en tienerjare in die Karoo gewoon. [1]

Olive het nie baie formele skoolonderrig ontvang nie, maar haar ma het haar geleer om baie lief te wees vir lees. Toe sy nog baie jonk was, het sy al moeilike skryfwerk soos dié van Goethe en Darwin gelees. Johann Wolfgang von Goethe was ’n baie beroemde Duitse skrywer en digter en Charles Darwin ’n beroemde

Engelse skrywer wat in die 1800's geleef het. Sy het ook boeke oor die mediese wetenskap gelees, want toe sy jonk was, wou sy graag 'n dokter word. [1]

Olive word 'n skrywer

Olive het vir 'n ruk in 'n diamantkamp in Kimberley gewoon. (Dit was 'n kamp waar mense gewoon het wanneer hulle op die diamantvelde gewerk het.) Hier het sy in 1873 'n boek oor hierdie deel van haar lewe geskryf. Die naam daarvan was *Undine*.

Sy het by 'n hele paar gesinne in die Kaapkolonie en Karoo kinders opgepas en vir hulle lesse gegee. In die jare tussen 1874 en 1881 het sy baie van haar skryfwerk gedoen terwyl sy op Karooplase gewoon het. [1]

Haar broers en susters het vir haar die geld gegee om in 1881 na Engeland te gaan. Sy wou daar 'n uitgewer vir *The Story of an African Farm* kry, en sy wou ook met mediese studie begin. Sy het egter nie ver met die mediese studie gevorder nie, omdat sy steeds gesukkel het met die asma wat sy as kind gekry het. [1]

The Story of an African Farm

Olive het haar bekendste boek *The Story of an African Farm* vermoedelik in 'n slaapvertrek buite die plaashuis op die plaas op Gannahoek geskryf. Die plaas het toe aan mense met die van Fouché behoort. [1]

Nadat drie uitgewers nie haar boek wou uitgee nie, is dit in 1883 deur Chapman en Hall in Londen uitgegee. Sy het die boek onder die skuilnaam van 'n man geskryf – Ralph Iron. Sy het dit gedoen omdat dit in hierdie jare vir mense vreemd was wanneer vroue geskryf het. Eers toe die tweede uitgawe van die boek in 1891 verskyn het, het sy bekend gemaak dat sy eintlik die skrywer is. [2]

Die boek vertel die storie van drie karakters wat op 'n plaas in die Karoo bly. Daar is liberale standpunte oor die huwelik in die boek, wat vreemd was vir mense in

daardie tyd. Die hoofkarakter met die naam Lyndall is ’n **onkonvensionele** heldin wat nie in God glo nie. Feminisme kom ook sterk na vore in die boek. Hierdie boek was ’n **blitsverkoper** in Europa en die VSA. [2]

Wat het Olive nog alles geskryf?

Olive is op 16 Februarie 1894 met Samuel Cronwright, wat ’n boer in die Cradockdistrik was, getroud. Om te wys dat hy haar stryd vir gelyke regte vir vroue steun, het hy sy van na Cronwright-Schreiner verander. Hulle het ’n dogtertjie gehad, maar sy is ongelukkig die dag ná haar geboorte oorlede. Dit was veral vir Olive ’n baie hartseer gebeurtenis, een waarvan sy nooit heeltemal herstel het nie. [1]

Ná haar troue met Samuel Cronwright het hulle in 1896 saam ’n artikel geskryf wat as pamflet verskyn onder die titel *The Political Situation*. Hierin kritiseer hulle Brittanje, en hulle steun die Boere se stryd om onafhanklik te bly.

In die roman *Trooper Peter Halket of Mashonaland* kritiseer Olive Cecil John Rhodes se behandeling van die inheemse bevolking in Rhodesië (vandag Zimbabwe).

Net voor die Anglo-Boereoorlog in 1899 begin het, skryf sy in Londen die artikel *An English-South African’s View of the Situation*. In hierdie artikel is haar boodskap aan die Britse soldate dat daar nie roem vir hulle in hierdie oorlog sou wees nie. Sy waarsku ook vir Brittanje teen die oorlog.

Hierna skryf sy ook die artikel *A letter on the Jew* (1906), waarin sy kritiek op die diskriminasie teen Jode lewer.

In 1908 vra die redakteur van die *Transvaal Leader* haar om ’n artikel te skryf oor Suid-Afrika. Die titel daarvan was *Closer Union: A Letter on the South African Union and the Principles of Government*. Hierin vra sy onder meer dat alle rasse politieke regte moet kry. [1]

Nog boeke deur Olive Schreiner is *Dreams* (1891), *Dream Life and Real life* (1893), *Man and Woman* en *Closer Union* (1908).

Haar belangrikste boek oor die politiek – *Thoughts on South Africa* – het in 1923 verskyn. *Stories, Dreams and Allegories* het ook in 1923 verskyn, en in 1926 het die boek *From Man to Man* verskyn. [3]

Haar swerfjare

Nadat sy in verskillende Europese lande gewoon het, keer Olive in 1889 na Suid-Afrika terug as 'n beroemde skrywer. Sy het vir 'n groot deel van haar lewe rondgeswerf. Sy het heeltyd gesoek na 'n blyplek waar sy minder met asma sou sukkel en ook waar sy kon skryf. Nadat sy na Suid-Afrika teruggekeer het, bly sy vir 'n ruk in Matjiesfontein in die Karoo, daarna in Kaapstad, in Johannesburg, en toe weer in die Karoo. [1]

Olive Schreiner House, 1855-1920. Balfour-Seymour area, Oos-Kaap

In die dae toe Olive Schreiner geleef het, het mense nog baie briewe vir mekaar geskryf. Haar verskillende adresse wys ook hoeveel keer sy rondgetrek het. Van die plekke waar sy gebly het, is Ratelhoek, Leliekloof, Matjiesfontein, Johannesburg, Kaapstad, Hanover, Beaufort-Wes en De Aar in Suid-Afrika. In die buiteland was van haar adresse in Londen, asook in Hastings, Alassio en Mentone in Europa. Londen en Matjiesfontein was twee van die plekke waarheen sy meer as een keer teruggekeer het. [2]

Hoewel hulle baie werk saam gedoen het, het Olive en haar man van mekaar vervreem geraak. Vanaf 1913 tot 1920 het sy in Europa gewoon, terwyl hy in Suid-Afrika gebly het. In 1920 het hulle in Londen versoen geraak, maar 'n maand daarna, in Augustus 1920, het Olive alleen na Suid-Afrika gereis terwyl sy ernstig siek was. Op 11 Desember 1920 is sy oorlede in haar kamer in Oak Hall, 'n private hotel in Wynberg. [1]

Haar man het in 1921 na Suid-Afrika teruggekeer en gereël dat sy herbegrawe word op die kruin van Buffelskop. Dit was naby sy ou plaas Krantzplaas waar hulle op 'n stadium gewoon het. [2]

Olive se standpunte

Olive het nie geglo aan beperkings in die lewe van mense nie. Vir die tyd waarin sy geleef het, was haar manier van leef en haar sterk persoonlikheid vreemd vir mense – dit was nie hoe die meeste vroue in daardie tyd geleef en gedink het nie. Sy was ’n **feminis**, en ’n mens kan sê dat sy een van die eerste mense in Suid-Afrika was wat vir die regte van vroue baklei het. [1]

Sy was ook ’n **pasifis**. Sy het nie saamgestem met Brittanje se beleid van imperialisme waardeur hulle ander lande onder hul mag en invloed wou bring nie. Daarom het sy ook nie saamgestem met Brittanje wat met die Anglo-Boereoorlog begin het omdat hulle die Boererepublieke vir hulself wou vat nie. [2]

Olive se standpunt oor mense van verskillende rasse was ook vreemd vir die tyd waarin sy geleef het. Sy wou hê dat swart mense dieselfde regte as blankes moes hê. Dit was ’n dapper standpunt vir ’n blanke persoon in hierdie tyd. [4]

In baie van die kleiner dorpe waar sy gewoon het, het mense gedink dat sy ’n **legende** is, omdat sy soveel moed gehad het, baie intelligent was en ook omdat sy soveel anders as ander mense opgetree het. [1]

Woordbank

blitsverkoper	’n Boek waarvan mense baie hou en waarvan daar baie eksemplare verkoop.
feminis	Iemand wat hom/haar daarvoor beywer dat vroue dieselfde regte en geleenthede as mans moet hê.
legende	Iemand wat beroemd is en deur mense bewonder word.

onkonvensionele	’n Manier van optree wat nie deur die meeste mense as die normale of gewone manier van dinge doen, beskou word nie.
pasifis	Iemand wat vrede tussen verskillende volke wil hê en ’n teenstander is van geweld. [6]

Kyk hierdie video’s om nog meer te leer oor Olive Schreiner

Olive Schreiner se lewe en haar standpunte.

’n Studie van Olive Schreiner se lewe, waarin ’n mens ’n goeie idee kry van hoe sy gedink en geleef het.